

## Van stryd tot oorwinning



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Efesiërs 6:2, Daniël. 10, Esra 4:1-5, Josua 5:13-15, Openbaring 1:12-18, Kolossense 2:15, Romeine 8:37-39.*

#### Geheeteks:

“Moenie bang wees nie, jy vir wie God liefhet! Dit sal goed gaan met jou. Wees sterk! Wees sterk!” (*Daniël 10:19, NAB*).

**D**aniël 10 is die inleiding tot Daniël se slotvisioen, ’n visioen wat oor hoofstukke 11 en 12 strek. Met die intrapslag verneem ons dat die visioen met ’n “tyd van oorlog” te make het (*Dan. 10:1, NLV*). Hoewel hoofstuk 11 tot ’n mate op die besonderhede ingaan, gee hoofstuk 10 die geestelike omvang van daardie stryd. Laasgenoemde toon dat daar ’n geestelike konflik van kosmiese afmetings agter die onstuimige gebeure van die wêreldgeskiedenis woed. Ons sal in hierdie hoofstukke sien hoedat elke gebed ’n toetrede tot daardie konflik is, en boonop met vërreikende gevolge. Gelukkig is ons nie alleen in die lewensstryd nie. Jesusself is die een wat Satan die stryd aansê, namens ons. Ons sal ook sien hoedat die groot stryd waarvan ons deel is, nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die magte van duisternis gevoer word.

Soos die apostel Paulus eeue na Daniël tereg gesê het: “Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug” (*Ef. 6:12, NAB*). Uiteindelik berus ons sukses in hierdie kosmiese konflik op Jesus Christus, die enigste een wat vir Satan deur sy kruisdood oorwin het.

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 Maart.

## Weereens 'n saak van vas en gebed

**Lees Daniël 10:1-3. Wat doen Daniël hier, en boonop vir die soveelste maal?**

---

Daniël gee nie die bepaalde redes waarom hy so vreeslik lank treur voor God nie. Sy vurige voorbidding het waarskynlik te make met die situasie waarin die Jode hulle destyds bevind het, aangesien hulle in daardie stadium pas vanuit Babilon in Palestina aangekom het.

**Lees Esra 4:1-5. Met watter uitdagings het die Jode by hul tuiskoms te kampe gehad?**

---

---

---

Ons weet uit Esra 4:1-5 dat die Jode in hierdie tyd die tempel probeer herbou het, maar ongelukkig te midde van sterk teenkantiing. Die Samaritane het misleidende boodskappe aan die Persiese koning gestuur sodat hy sy toestemming vir die herbouing van Jerusalem sou terugtrek. Dit is a.g.v. dié krisis dat Daniël dan drie weke lank treur en bid. Hy pleit by die Here om met Kores te werk, dat die koning nie hul werksaamhede sal stopsit nie.

In daardie stadium was Daniël seker om en by 90 jaar oud. Hy dink nie aan homself nie, maar aan sy mense en die uitdagings waarvoor hulle te staan gekom het. So volhard hy dan 'n hele drie weke lank in gebed voordat die Here hom antwoord. In daardie tyd volg die profeet 'n baie eenvoudige dieet, en onthou hom van lekker kosse en velrome. Hy steur hom nie die minste aan sy voorkoms of aan gemak nie, maar is wel diep bekommerd oor die welstand van sy volksgenote, mense wat 1,600 km van hom af in Jerusalem is. 'n Kykie in Daniël se gebedslewe bring 'n aantal belangrike lewenslesse aan die lig. Eerstens, dat ons in gebed moet volhard, selfs al word dit nie dadelik verhoor nie. Tweedens, dat ons tyd vir voorbidding moet inruim. Om vir ander voor God in te tree, is 'n spesiale vorm van gebed. Onthou net: “Die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het” (*Job 42:10, OAB*). Derdens, dat gebed die Here tot daadwerklike en tasbare optrede aanspoor. So, laat ons dus erns maak met gebed, in al sy vorms. Ons leef te midde van ondraaglike beproewing, reuse probleme en oorweldigende uitdagings. Kom ons neem ons laaste biddend na God, en plaas dit in sy hande (*Ef. 6:18*).

**Lees Daniël 10:12. Wat sê dit vir ons oor gebed as 'n objektiewe ervaring – een wat die Vaderhart roer en tot optrede aanspoor – en nie as 'n subjektiewe ervaring wat ons net goed oor God laat voel nie?**

## Die visioen oor die Vors

Lees Daniël 10:4-9. Wat gebeur hier met Daniël?

---

---

'n Mens kan jou byna nie die oorweldigende luisterrykheid van die dinge wat hy daardie dag gesien en beleef het, indink nie. Die man wat Daniël in die visioen gesien het (*Dan. 10:5, 6*), herinner sterk aan die “Seun van ’n mens” wat ons in die visioen oor die hemelse oordeel teëgekom het (*Dan. 7:13*). Sy linneklere laat ’n mens aan ’n priestersgewaad dink (*Lev. 16:4*), ’n eienskap wat verband hou, en dus terugwys, op die “Vors van die leër” (OAB), ’n figuur wat deel van die visioen oor die hemelse heiligdom was (*Daniël 8, NKJV*). Neem ook in ag dat goud dikwels met vanmelewe se priestersgewaad geassosieer is, en dat dit ’n teken van koninklike waardigheid was. Die gebruik van simbole soos weerlig, vuur en brons ter beskrywing van die man met die linneklere aan, en die feit dat sy stem kragtig soos ’n skare s’n is, dui daarop dat hy ’n bonatuurlike wese is. Hier het ons iemand met ’n priesterlike, adellike en militêre eienskappe. Besonder opvallend is die ooreenkomste tussen dié figuur en die hemelwese wat kort voor die oorlog teen Jerigo aan Josua verskyn het (*Jos. 5:13, 14*). In die visioen sien Josua die “leërowerste van die Here” (OAB). Interessant genoeg is die Hebreeuse woord wat hier as “leërowerste” vertaal word – te wete ‘sar’ – dieselfde een wat in Daniël 10:21 as “Vors” vertaal word en op Migael dui. Nietemin is die ooreenkoms tussen die man met die linneklere aan, en die Seun van die mens, veel duideliker in Openbaring.

**Watter ooreenkomste vertoon Daniël se visioen van God in hoofstuk 10 en dié in Josua 5:13-15 en Openbaring 1:12-18?**

---

---

Volgens die profeet was diegene by hom so verskrik dat hulle die hasepad gekies het, terwyl ’n groot swakheid oor Daniël self gekom het – God se teenwoordigheid oorweldig inderdaad die profeet. Ongeag die vrese wat hom op daardie oomblik beetpak, toon hierdie profesie in Daniël dat die verloop van die geskiedenis in God se hande is. Die leser sien hoedat die Here hier ’n breë raamwerk van die geskiedenis uiteensit, ’n reeks gebeure wat vanaf Daniël se leeftyd tyd tot by die vestiging van God se koninkryk strek (*Daniël 11 en 12*).

**Soos ons herhaaldelik in Daniël gesien het, is die Here duidelik in staat om die wêreldgeskiedenis op dreef te hou – hoeveel te meer die individu?**

## Aangeraak deur 'n engel

**Lees Daniël 10:10-19. Wat gebeur telkens wanneer Daniël deur 'n engel aangeraak word?**

---

Die glans van God se heerlikheid oorweldig die profeet en hy slaan neer, totaal kragteloos. Dan verskyn 'n engel. Hy raak die profeet aan en versterk hom. Deur die loop van die visioen raak die engel hom drie kere aan.

Met die eerste aanraking is hy in staat om orent te kom en die woorde van onderskraging van Bo aan te hoor: “Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede” (*Dan. 10:12, NAB*). Daniël se gebed was vreeslik ontroerend vir die Here. Hierdie gebedsverhoring gee aan elke gelowige die versekering dat God ons gebede verhoor, en is besonder vertroostend in tye van nood.

Die tweede aanraking stel Daniël in staat om te praat. Hier sien ons hoedat die profeet sy hart voor die Here uitstort. Hy bring al sy gevoelens en vrese na vore: “Meneer, die visioen het my so ontstel dat ek geen krag meer het nie. Hoe kan ek, u dienaar, met iemand soos u praat, Meneer! My kragte het ingegee, ek kan skaars nog asemhaal” (*Dan. 10:16, 17, NAB*). So, die Here praat nie net met ons nie. Nee, Hy wil hê dat ons ook met Hom moet praat; dat ons ons gevoelens, behoeftes en drome met Hom moet deel.

Die derde aanraking herstel die profeet se kragte. Na Daniël sy onvermoë te kenne gee, raak die engel hom aan en stel hom gerus: “Moenie bang wees nie, jy vir wie God liefhet! Dit sal goed gaan met jou. Wees sterk! Wees sterk!” (*Dan. 10:19, NAB*). Neem in ag dat die engel na Daniël toe gestuur is, in reaksie op sy gebede en ten einde hom die nodige insig en begrip te gee. Die daaropvolgende visioen in hoofstuk 11 het dus ten doel om Daniël te bemoedig, in antwoord op sy treurgebede oor Jerusalem en sy swarmoedigheid oor die toestand waarin Jerusalem verkeer. Onthou net: met God aan ons sy, ontvang ons die gemoedrus te midde van beproewing. Die liefdevolle aanraking van die Here gee ons 'n toekoms hoop.

**“Vir ons – die alledaagse mens – kan die hemel baie naby wees” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 48). Vir die gelowige is die afstand tussen hemel en aarde eintlik nie so groot nie. Hoe dikwels bepeins jy dié waarheid? Hoe kan die koestering van hierdie waarheid – in hart en verstand – 'n diepgaande invloed op 'n mens se handel en wandel hê?**

## Die groot stryd

**Lees Daniël 10:20 en 21. Wat word hier aan Daniël geopenbaar?**

---

---

---

Die hemelse boodskapper trek hier die gordyne van die wêreldgeskiedenis opsy, en toon aan Daniël hoedat daar 'n groot, kosmiese oorlog woed. Die profeet het net mooi sy gebed begin toe daar 'n hewige, geestelike stryd tussen hemel en aarde uitbreek. Die hemelwesens baklei teen die koning van Persië, sodat die Jode die herbouing van die tempel kan voortsit. Uit die openingsgedeelte van Daniël 10 weet ons dat die destydse koning van Persië Kores was. 'n Mens wonder egter watter weerstand 'n menslike koning nou teen 'n hemelwese kon bied. Die mag wat hier ter sprake kom, is dus die bonatuurlike magte agter die Persiese troon, dié wat Kores sovêr wou bring om die Jode se tempelherbouingsprojek aan bande te lê. 'n Soortgelyke situasie ontvou in Esegïel 28 waarin die koning van Tirus die Satan versinnebeeld, die geestelike mag agter daardie stad se menslike koning. Derhalwe is dit glad nie verbasend dat die koning van Persië, teen wie Migael gaan baklei het, ook Satan en sy engele insluit nie. Dit toon dat die menslike teenstand teen die herbouing van die tempel in Jerusalem 'n teenbeeld in die bomenslike sfeer het.

**Lees Daniël 10:13. Watter soort stryd of oorlogvoering word hier beskrywe?**

---

“Terwyl Satan alles in sy vermoë doen om die magshebbers van die Medo-Persiese Ryk teen God se volk aan te hits, word die ballinge deur engele bygestaan. Dit was 'n stryd wat die ganse hemelskare fyn dopgehou het. Deur die profeet Daniël ontvang ons dus 'n kykie in hierdie titaniëse stryd tussen die magte van goed en kwaad. Drie weke lank stoei Gabriël dapper teen die magte van duisternis, ten einde die aanslag op Kores se denke af te weer. 'n Mens sien ook hoedat Christusself Gabriël te hulp snel voordat die tweestryd tot 'n einde kom. ‘Maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan,’ sê die profeet. ‘En kyk,’ skryf hy, ‘Migael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ek het daar oorgebly by die konings van Persië’ (*Dan. 10:13, OAB*). Ter wille van God se kinders het die hemel alles in die stryd gewerp. Die stryd was gewonne. Die magte van die vyand is vir die res van Kores se regering, asook dié van sy seun Kambuses wat om en by sewe en 'n halwe jaar lank geregeer het, teruggedryf” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 571, 572).

## 'n Vors wat oorwin

Die mees prominente figuur in die boek Daniël is die een wat aanvanklik die “Seun van ’n mens” (*Dan. 7:13, OAB*) oftewel die “Vors van die leër” (*Dan. 8:11, OAB*) genoem word. Later kom ’n mens agter dat dit Migael is (*Dan. 10:12*), wie se naam “Wie is soos God?” beteken. Hy snel Gabriël te hulp in sy stryd teen die vors van Persië (*Dan. 10:13*). Die engel verwys na hierdie hemelwese as “julle vors Migael” (*Dan. 10:21, OAB*), d.w.s. as die [ware] koning van God se volk. Migael verskyn ook later in Daniël as die volk se beskermheer (*Dan. 12:1*). In Judas 9 sien ’n mens dat Migael – wat ook ’n aartsengel genoem word – teen Satan baklei en Moses uit die dode wek. Openbaring 12:7 toon dat Migael die aanvoerder van die hemelse leër is, die leër wat Satan en sy gevalle engele oorwin. Migael is dus niemand anders as Jesus Christus Self nie. Daarteenoor het die Persiese Ryk ook ’n bomenslike aanvoerder gehad, ’n geestelike mag wat agter die troon gestaan het. Insgelyks het die kinders van die Here vir Migael, hul eie Opperbevelhebber, wat toetree tot die stryd en die kosmiese oorlog vir hulle wen.

### **Lees Kolossense 2:15. Hoe het Jesus die oorwinning in die groot stryd behaal?**

---

---

Te midde van die stryd wat ons teen die bose magte voer, stel ons ons vertroue op Jesus. Hy is ons kampioengevegter. Aan die begin van sy openbare bediening oorwin Hy Satan. Tydens sy aardse sending wen Hy teen Satan toe dié Hom in die woestyn met allerhande versoekings aanval. Hy wen ook teen ’n magdom demone, en bevry talle uit die mag van die duisternis. Toe die bose, via Petrus se weerstandigheid, probeer om Jesus van Golgota te weerhou, wen die Heiland weer. In Jesus se afskeidswoorde aan sy dissipels praat Hy van sy naderende dood as ’n stryd, ’n stryd wat op ’n volslae oorwinning oor Satan sal uitloop: “Nou vind die oordeel oor hierdie wêreld plaas; nou sal die leier van hierdie wêreld na buite toe uitgedryf word. En wanneer Ek van die aarde af aan die kruis verhoog word, sal Ek almal na My toe trek” (*Joh. 12:31 en 32, NLV*). Soms voel dit asof die wêreld aan ’n draadjie hang net waar jy kyk. Geweld, onsedelikheid, korrupsie en siektes steek oral kop uit. Die vyand van die mens – ’n vyand wat nie van vlees en bloed is nie – val ons vanuit alle oorde aan. Maar al is die stryde wat ons moet stry, ook hoe moeilik, Jesus is die een wat namens ons die stryd voer. Dit is Christus wat as Vors en Hoëpriester in die hemelse heiligdom vir ons intree.

**Lees Romeine 8:37-39. Hoe kan ons die beloftes – dat ons “meer as oorwinnaars” is – eerstehands in ons Christelike handel en wandel beleef?**

## Vir verdere studie:

“Gabriël worstel drie weke lank met die magte van duisternis ten einde die invloed van die bose op Kores se denke te stuit... Ter wille van God se kinders het die hemel alles in die stryd gewerp. Die stryd was gewonne. Die magte van die vyand is vir die res van Kores se regeringtyd, asook gedurende dié van sy seun Kambuses, wat om en by sewe en ‘n halwe jaar lank geregeer het, teruggedryf” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 572).

“Watter groot eer val Daniël hier te beurt – om deur die Majesteit van die hemel besoek te word! Die Here vertrou sy verskrikte dienskneg en gee hom die versekering dat sy gebede in die hemelhowe ontvang is. In antwoord op sy vurige pleidooie stuur God die engel Gabriël om met die Persiese koning te werk. In die daaropvolgende drie weke verset die koning hom aanvanklik teen die influisterende Gees, terwyl Daniël vastend in gebed verkeer. Gelukkig word die Hemelvors, die aartsengel Migael, ook uitgestuur om tot die hardnekkige koning deur te dring, sodat hy in ooreenstemming met Daniël se gebede sou optree” (Ellen G. White, *The Sanctified Life*, bl. 51).

## Vrae vir bespreking:

1. Hoewel ons nie die eerste in die geskiedenis van die Christendom is om hierdie waarheid raak te sien nie, is ons as Sewendedag-Adventiste nietemin sterk voorstanders van die grootstryd-motief, oftewel die idee dat die ganse heeler deel van die epiese stryd tussen Christus en Satan is. Ons glo ook dat elke mens inderdaad by daardie stryd betrokke is. Ander mense – selfs sekulêre mense – sê ook dat daar gewis een of ander stryd is wat binne die ganse mensdom woed. Wat is jou eie ervaring met hierdie groot stryd? Hoe vind dit uiting in jou eie lewe? Watter lesse het jy daaruit geleer wat jou strydende medemens kan versterk en help?
2. Lees Efesiërs 6:10-18. Let op die militêre beeldspraak wat Paulus hier gebruik. Wat is ons Opperbevelvoerder se “bevele” aan sy “krygers” in die groot stryd?
3. Hier in hoofstuk 10:11 is dit die tweede maal dat Daniël hamudot genoem word (die eerste maal was in Dan. 9:23). Hamudot beteken “geliefde” of “gekoesterde persoon.” Wat sê dit vir ons oor die noue band van nabyheid – en selfs ook die gevoelsband – tussen God en mens? Dink net hoe radikaal hierdie realiteit verskil, veral in vergelyking met die tipiese ateïstiese uitkyk in groot dele van die hedendaagse wêreld. Watter hoop gee die Bybelse siening soos dit hier in Daniël uitgedruk word, aan die gelowige?